Is dit nie omdat daar nie so 'n beskadiging was nie? -- Daar was beslis so 'n beskadiging gewees.

Waar was dit? Waar was die beskadiging eintlik? -- Die een spesifieke merk wat ek kan onthou, was, net aan die agterkant van die klagtekantoor is daar ook 'n deur en hy was in die konstruksie op die regterkantste - ten minste die linkerkantste konstruksie van die deur as 'n mens voor van die klagtekantoor af inkyk.

In die deur in? -- Nie in die deur nie, in die beton self.

Bo die deur of langs die deur? -- Langs die deur.

Omtrent hoe hoog van die grond af? Hoe hoog sal die hoog wees? Omtrent 7 voet? -- Die deur sal seker tussen 6 voet 4 en 6 voet 6 wees.

So 2 meter? -- Ja, so 2 meter.

Ja, ek aanvaar dit. Hoe hoog was hierdie koeëlmerk dan wat u gesien het in vergelyking tot die deur? -- So ongeveer tussen 4 en 5 voet.

En hoe ver van die deur? -- Tussen 6 en 12 duim.

Naby die deur omtrent 4 voet van die grond af? -- Dit is reg.

En die ander een? -- Die ander een kan ek my nie meer presies voorstaan waar hy was nie.

Is u seker dat daar net twee koeëlmerke in die aanklagkantoor was? -- Volgens my waarneming, wel net twee.

Neem byvoorbeeld foto 50. Dit is nou in die kantoor van die stasiebevelvoerder. -- Dit is reg.

Wat sê u, wat het daardie merk veroorsaak bo die deur? -- Bo die deur volgens my mening deur 'n koeël.

Hoekom? -- As u foto 47 vat met die twee gate in die venster, ruite wat volgens my mening deur 'n koeël

... / veroorsaak

veroorsaak is, dan stem dit min of meer ooreen met die beskadigings, die een net bokant die deur van die stasiebevelvoerder en een bo in die plafon.

Ek sien dit. Daar is een bo in die plafon ook op 50, nie waar nie? -- Dit is reg.

Dit is presies wat ek wou geweet het. Dit is nie omdat dit soos 'n koeëlmerk lyk nie, maar dit is 'n afleiding wat u maak van die koeëlmerke in die venster? -- Dit is reg.

En 54, wat is dit? -- Volgens my is foto 54 ...
(Hof kom tussenbei)

HOF : Kan u net vir ons sê wat is dit? -- 'n Koeëlmerk.

Ja, ja, maar wat is hierdie muur? Is dit 'n buitemuur, 'n binnemuur of wat? -- Dit is die buitemuur aan die agterkant van die polisiestasie.

MNR. BROWDE : Wat is dit wat u tot die gevolgtrekking laat kom dat hierdie 'n koeëlmerk is? -- Soos u kan sien op foto 52, net bokant die plek waar die handgranaat volgens my mening ontplof het, is daar sulke skrapnelmerke teen die muur en as hierdie ander merk op foto 54 deur skrapnel veroorsaak sou gewees het, sou 'n mens verwag om soortgelyke skrapnelmerke in die omgewing te kry.

Maar kyk, die koeëlmerk op 52, die koeëlmerke wat u uitgewys het, hulle verskil baie van die merk op 54, nie waar nie? -- Dit is reg.

54 is nie 'n ronde merk nie. Is dit so? -- Ja, 'n koeël sal so 'n merk veroorsaak wanneer dit nie reg op die muur afgevuur word nie, maar skrams of liewers uit 'n hoek teen die muur geskiet word.

Van watter kant sou dit gekom het? -- Dit is moeilik om te sê of dit van die linkerkant of van die regterkant

... / geskiet

geskiet was.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

SAREL JOHANNES STRYDOM, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BROWDE (vervolg) : Kolonel, hoe laat daardie aand het u by die toneel opgedaag? Min of meer? -- Min of meer twintig-voor-nege.

En het u besef dat dit belangrik was om vas te stel hoeveel koeëlmerke daar was? -- Nie op daardie stadium nie.

Wanneer het u dit eers besef? -- Ek het daardie aand na sekere van die beskadigings gekyk en ook die volgende dag, soos ek reeds in my vorige getuienis gesê het.

Wanneer was die doppies opgetel? -- Die doppies was die aand en ook die volgende dag opgetel.

Hoe laat die volgende dag? Vroeg in die oggend of laat in die middag of gedurende die dag? -- Gedurende die dag.

Af en toe? -- Ons het 'n hoeveelheid doppies die vorige aand opgetel en die volgende oggend vroeg weer en toe het ons gesoek na doppies en weer enkeles opgetel.

Kan u nou seker wees waar daardie doppies opgetel was? -- Nie oor die presiese plek waar elkeen gelê het nie.

Sal u die beskrywing aanvaar dat daar orals doppies gelê het? -- Daar het aan die noordekant van die polisie-stasie doppies gelê. Daar het aan die westekant van die polisiestasie doppies gelê en daar het tussen die selblok en die polisiestasie self ook doppies gelê en dan is daar by punt S drie-en-twintig doppies gevind, verspreid.

Sal u aanvaar dat die beskrywing korrek is dat daar orals doppies rondgelê het? -- Ek sal dit aanvaar dat daar

... / orals

orals op die perseel, voor die polisiestasie, wes van die polisiestasie en agter die polisiestasie, tussen die polisiestasie en die selblok, doppies gelê het en dan by punt S doppies gelê het.

En voor die selblok?-- Dit is reg. Dit is wat ek sê agter die polisiestasie, tussen die polisiestasie en die selblok gelê het.

HOF: Wanneer u verwys na punt S, dan het dit seker te doen met 'n foto? -- Dit het te doen met 'n foto.

37? -- Hy is op foto 37.

MNR. BROWDE : Het u besluit dat dit belangrik was om vas te stel presies hoeveel doppies daar was? -- Ek het die doppies getel om te probeer vasstel hoeveel skote daar altesaam gevuur is.

Is dit moontlik dat daar doppies daar was wat nie opgetel was nie? -- Op die polisieperseel self is dit baie onwaarskynlik.

Maar moontlik? -- Moontlik 'n enkele doppie of twee.

Wat onder die gras was of in los grond, nie waar nie? -- Dit kan moontlik wees.

Is dit reg as ek betoog dat u nie seker is van die koeëls wat binnekant die aanklagkantoor getref het nie, waar of hoeveel? Stem u saam met daardie betoog of nie? -- Van die een is ek definitief seker, die een wat ek beskryf het.

Dit is langs die deur? -- Dit is reg.

Maar ek hoop ek is nie onregverdig teenoor u nie as ek sê, dat u net van daardie een weet, maar u is nie seker van enige ander nie? -- Ek is nie seker van die ander of van enige ander nie.

U het nou 'n beskrywing van al die koeëlmerke aan Sy

... / Edele

Edele gegee en ek stel dit aan u dat as daar wel ander koeëls in daardie aanklagkantoor teen die muur geslaan het en koeëlmerke gelaat het, sou u seker gemaak het dat dit gefotografeer was, want u het 'n baie deeglike - ek weet nie wat die woord is nie, maar u het baie deeglik u plig nagegaan in verband met hierdie koeëls en alles wat daar gebeur het. Wat sê u daaromtrent? Stem u nie saam nie? -- My opdrag aan die fotograaf was gewees om al die beskadigings te fotografeer en ek het nie vir hom opdrag gegee om spesifieke gate te fotografeer nie.

U sien, volgens my inligting was daar geen koeëlmerke bokant die deur, tussen die deur en die plafon van die aanklagkantoor nie. Sal u dit aanvaar? Ek praat van die agterdeur. -- Ek het in my getuienis gesê dit was langs die deur.

Ja-nee, ek praat nie daarvan nie. Ek praat van bokant die deur, tussen die deur en die plafon, sal u aanvaar dat daar geen merke van koeëls was nie? -- Ek sal dit aanvaar.

Wie het die doppies eintlik opgetel? -- Ek het meeste van die doppies self opgetel.

U sien, daar is konstabel Botha wat op die perseel was wat gesê het dat die volgende dag was daar wel nog doppies wat daar rondgelê het wat "ons nie die aand kon kry nie. Met die loop van die dag het ons nog van die doppies daar gekry wat ons opgetel het." -- Dit is reg.

Van wie praat hy as hy "ons" sê? -- Hy praat van hom en van my. Daar was nog ander lede ook op die perseel gewees.

Wat ook opgetel het? -- Dit is reg.

Is dit moontlik dat dit gelei het tot 'n mistelling

... / van

van die aantal doppies wat gevind was? -- Dit kon nie tot 'n mistelling gelei het van die hoeveelheid doppies wat op die perseel gevind is nie.

U sien, hy sê "Ek het daar 'n doppie opgetel. Dit is al een wat ek onthou wat ek self opgetel het." Toe is hy gevra deur My Geleerde Vriend (Ek praat van bladsy 516) "Het u gesien dat ander lede van die polisiemag in daardie selfde omgewing doppies optel en oorhandig aan kolonel Strydom?" en hy sê "Dit is moeilik. Daar het orals doppies rondgelê. Ek kan nie sê dat ander lede dit in daardie omgewing ook opgetel het nie." Dit is snaaks. Hy was daar. Hy sê daar het orals doppies rondgelê, maar hy kan nie sê of dit opgetel was, al dan nie. Stem u saam dat dit snaakse getuienis is? -- Ja.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN</u> : Kolonel, verstaan ek u reg, u sê daar was twee merke in die aanklagkantoor gewees teen die muur, maar u kan net onthou waar een gewees het? -- Ek weet net spesifiek - daar was twee merke in die aanklagkantoor gewees en ek weet die een was langs die deur teen die muur. Waar die tweede een was, kan ek nie meer onthou nie.

Verstaan ek u ook reg dat u aan die fotograaf 'n algemene opdrag gegee het om beskadigde plekke te fotografeer? -- Dit is reg.

U het nie spesifieke plekke aan hom uitgewys en gesê "Fotografeer dit, fotografeer dat" nie? -- Nee, ek het nie. Ek het vir hom 'n algemene opdrag gegee en gesê "Neem foto's van al die beskadigings."

En hy het toe op die ou einde al die foto's aan u oorhandig? -- Dit is reg.

Was daar byvoorbeeld foto's van die beskadiging aan

... / selle

selle gewees? -- Ek kan nie onthou of daar 'n foto was van die beskadiging aan die selle nie.

En aan die watertenk? -- Aan die watertenk, die beskadiging self, was daar nie 'n foto van nie.

Die asbesmuur? -- Ek kan nie sê of daar 'n foto van daardie asbesmuur was nie.

Dan wil ek net hê u moet weer teruggaan na foto 54. Die merk wat op foto 54 verskyn, toon dit enige ooreenkoms met die skrapnelmerke op foto 52? -- Nee.

Kan u aan die Hof sê, waar in verhouding met die venster wat op foto 52 verskyn, is die gat wat op foto 54 verskyn? -- Ek wil nie my nou bind nie, maar hy is regs K134 van foto 52. Ek kan nie die spesifieke plek op die muur bepaal nie, maar hy is regs van dié deel van die muur op foto 52.

So, die ontploffing wat die gat op punt O, foto 51, veroorsaak het, was links vanaf die gat op foto 54? -- Dit is reg.

Kan u 'n opinie uitspreek omtrent die posisie van hierdie paal wat hier verskyn onder hierdie, dit lyk na 'n elektriese bedradingskissie? -- Ja, hy gaan na die meters wat vir die gebou bedoel is.

HOF: U verwys nou na foto 54? -- Foto 54.

MNR. JANSEN : Wat is die verhouding van hierdie pyp, as u die gat op 54, net regs van die pyp en die toneel van ontploffing ... -- Dan is die pyp tussen die beskadiging op die muur en die ontploffing.

HOF : Is dit dieselfde pyp wat hier op 51 verskyn? -- Nee. Die pyp wat op 51 verskyn, is die toilet se lugpyp.

Wat ook op 52 verskyn? -- Wat ook op 52 verskyn.

MNR. JANSEN : Ek wil hê u moet nou net blaai na foto's 95

... / en

en 96. U het reeds getuig dat dit die skrapnel en dele van 'n handgranaat is wat u op die toneel opgetel het? -- Dit is reg.

En die Hof het reeds getuienis aangehoor dat dit skrapnel van 'n offensiewe handgranaat is. Sien u enige stukkies skrapnel tussen hierdie aangedui op foto's 95 en 96 wat 'n egalige ronde gaatjie sou veroorsaak het? -- Nee.

MNR. BLISS (ASSESSOR) : Kolonel, in uitvoering van u opdrag aan die fotograaf om die koeëlmerke ensovoorts te fotografeer, het hy deur die perseel gegaan, die hele perseel, die buitekant van die perseel?-- Hy het. Hy het die hele perseel en die kamers deurgegaan.

Was hy ook in die aanklagkantoor? -- Hy was ook in die aanklagkantoor.

HOF : Kolonel, ek het onduidelikheid oor die beskadiging binne-in die stasiebevelvoerder se kantoor. Sal u asseblief kyk na foto 5, BEWYSSTUK K. Ek het 'n nota hierso wat ek afgeskryf het òf gedurende die verhoor òf later toe ons 'n verdaging gehad het, oor die getuienis en my nota is hierdie is binne-in die stasiebevelvoerder se kantoor. Is dit reg? -- Dit is reg.

En hy is in die normale manier geneem. Met ander woorde, hierdie deur lê nie op sy sy nie. Hy lê soos wat 'n mens deur hom sou loop?-- Dit is reg.

Foto 50 is waarna ek verwys. -- Ek het nou net teruggeblaai om na 'n ander foto ook te kyk.

U sal nie 'n ander een kry nie. -- Foto 50 is geneem in die korrekte posisie. Die deur staan oop.

As ek u getuienis nou verstaan is daar 'n derde beskadiging in hierdie deur en dit is iewers aan die kant

... / van

van die kosyn, want dit is die gat wat u van praat, die beskadiging wat u van praat. -- Nee, dit is in die aanklagtekantoor.

O, is dit in die aanklagtekantoor? -- Dit is reg.

Wat hierdie stasiebevelvoerder se kantoor betref, is hierdie die twee merke wat u gesien het? -- Dit is reg.

Was daar enige ander merke hier in die stasiebevelvoerder se kantoor gewees? -- Nie wat ek van bewus is nie.

Is daar enige foto van die binnekant van die aanklagtekantoor? -- Hier is geen foto van die binnekant van die klagtekantoor nie.

En daarvan onthou u dat daar een merk is wat u kan onthou, maar daar was twee, maar die ander een weet u nie waar dit was nie. Is dit reg? -- Dit is reg.

Hierdie koeëlmerke wat u gesien het - ek praat nou nie van die koeëlmerke aan die buitekant van die gebou nie? -- Ja.

Ek praat van koeëlmerke wat veroorsaak is deurdat die loodpunt die gebou binnedring.-- Ja.

Ek verwys as voorbeeld hier na 47. -- Ja.

Het u vir al hierdie merke wat u nou vandag na verwys het as dat dit gemaak is deur 'n geweer, afgesien van wat u gesien het, bewys gekry dat daar inderdaad, binne-in die gebou, loodpunte was. Kom ons kyk nou na hierdie foto 47. Het u binnekant in hierdie gebou twee loodpunte gekry of nie? -- Ek wil net na my sleutel verwys en presies sien watter kantoor dit is. 47 s'n het ek die twee merke binne die gebou gekry.

Ja, u het die merke gekry, maar wat het van die loodpunte geword? -- Die een is deur die plafon, maar die ander een kon ons nie kry nie.

... / Wanneer

Wanneer u sê die een is deur die plafon en die ander een kon u nie kry, dit wil sê foto's 47 en 50 is met mekaar gekonnekteer? -- Dit is reg.

Die beskadiging in die gang, kyk nou na 48 en 49. Die een is beskadiging in die gang en die ander een is beskadiging in die enkelkwartiere, foto 49. -- Foto 49 is die binnekant van die enkelkwartiere self.

En die ander een is in die gang? -- Die ander een is in die gang.

Het u daardie loodpunte gevind? -- Ek het nie die loodpunte gevind nie.

Wat het van hulle geword? Weet u? Kan u 'n verklaring gee? -- Ek weet nie. Soos u kan sien, die een op foto 48 is daar op die foto nie 'n indringing. Hy kon òf heeltemal gedisintegreer het, in stukkies gebreek het en soos op die boonste een op foto 49, mag die loodpunt nog binne-in die betonkonstruksie sit.

Met ander woorde, u getuienis met betrekking tot wat u as 'n merk beskou wat gemaak is deur 'n geweer, hang af van u kennis. Daar is nie ander bewyse, in sekere gevalle daarvan nie, soos nou byvoorbeeld 48 en 49? -- Nee, daar is nie ander bewyse nie.

In sekere gevalle is daar? -- Ja, daar is.

Maar wat ek aan u stel is, dit is nie so in alle gevalle nie? Kyk in 47 wat gekonnekteer is met 50, het u 'n loodpunt daar gekry. Die een is deur die dak, dit kon u nie kry nie, maar die ander een het u gevind? -- Nee, ek het die ander een nie gevind nie.

Nie? -- Nee.

Is daar enige gevalle waar u die loodpunte wel gevind het? -- Die een in die lêer en dan het ons op een

... / plek

plek een van hierdie gaatjies wat in die muur veroorsaak is probeer om van die koeël uit te kry. Ek dink dit is ook ingehandig.

Met ander woorde, ek kan u getuienis soos volg opsom: Dat in die meerderheidsgevalle waar u merke aan die binnekant van die gebou aangetref het, het u nie die loodpunte gevind nie? -- Dit is reg.

En dit is as gevolg van die feit dat hierdie loodpunte het, soos in foto 50, party deur die dak gegaan, ander het gedisintegreer? -- Dit is reg.

Ander sit in die beton vas wat u nie uitgehaal het of kon uitkry nie? -- Dit is reg.

As ek die foto-album korrek verstaan, ek verwys nou na foto 41 - ons kyk nou direk na die aanklagtekantoor. -- Dit is reg.

Aan die linkerkant is daar 'n ingang en aan die regterkant 'n ingang? -- Dit is reg.

En daar is beskadiging op die middel pilaar, onder die vensters en aan die regterkant van die vensters? -- Dit is reg.

Is daar enige foto wat wys waar die koeëls moontlik deur enige van hierdie vensters gegaan het? Laat nou maar die deure apart vir 'n oomblikkie. Of laat ek dit so stel, ook wat die deure betref. U sal natuurlik nie kan sien nie, want die deure was albei blykbaar oop? -- Nee, daar is nie 'n foto daarvan nie. Behalwe op die een venster waar dit sigbaar is op foto 40.

Ja, kan ek dit vir u anders stel. Op foto 43, lyk dit vir my na daardie twee vensters van die aanklagtekantoor? -- Dit is reg.

Die linkerkantste venster het 'n gat in? -- Dit is reg.

... / En

En dit is 'n koeëlmerk? -- Volgens my is dit 'n koeëlmerk.

En inderdaad, as 'n mens nou na foto 41 kyk, dan is die venstertjie aan die regterkant dieselfde grootte as die venstertjie aan die linkerkant, net hy is agter die pilaar, wat vir 'n mens die indruk gee dat hy miskien 'n dubbel venster is, maar eintlik is hy 'n enkel venstertjie? -- Dit is 'n enkel venstertjie.

Hy is net soos die een aan die linkerkant?-- Dit is reg.

Nou kyk ons na foto 43 en ons sien aan hom geen beskadiging nie, vir die laaste drie ruite? -- Dit is reg.

En as ons nou kyk na foto 41, dan sien ons in die boonste ruit is daar ook nie 'n beskadiging nie. Moontlik kan daar in die linkerkantste hoekie wat agter die pilaar skuil, 'n beskadiging wees? -- Ja. Die venster wat die beskadiging het, sit aan die linkerkant van die kennisgewingbord.

Dit is reg, maar ons weet daar is twee merke binnekant gevind en ek wil die plek kry van die tweede merk en ek kry hom nie, behalwe dat hy miskien weggesteek is op foto 41 die heel boonste ruit heel links en dit is die enigste gedeelte wat vir my onsigbaar is, as 'n mens na hierdie foto's kyk. Verstaan u hoe ek die saak benader? -- Ek verstaan u benadering.

Met ander woorde, 'n beskadiging, as daar een was, het geskiet agter die raampie op foto 43 van die kennisgewingbord? -- Of deur die oop deur.

Ja, ons kom nou by die oop deur. Wat die oop deur betref, u weet nie waar daardie merk was met betrekking tot die oop deur nie? -- As u nou na die oop deur kyk, laat

... / ons

ons net 'n foto hier van hom kry.

Hy is op 41. Daar is albei. Nou kan u vir my vertel watter oop deur u na verwys? -- Ek praat van die oop deur op die linkerkant.

Waar die klere hang? -- Ja.

Ja? -- Sal die ander deur aan die agterkant - is min of meer regoor die deur aan die regterkant op hierdie foto. Die deur aan die agterkant van die klagtekantoor. Dit is min of meer regoor die regterdeur aan die voorkant van die klagtekantoor.

Die een wat u na verwys het? -- Ja.

Wil u daardeur te kenne gee dat die merk wat u nog kan onthou as synde aan die linkerkant van 'n deur se kosyn moontlik veroorsaak is deur 'n koeël wat ingevuur is in hierdie oop deur of kan dit net sowel gekom het as gevolg van die ruitbeskadiging wat ons van weet? -- Hy kon van enigeen van die twee gekom het.

As ek u getuienis korrek verstaan, dan is daar beskadiging aan die gebou aan die noordekant, dit is van voor? -- Dit is reg.

Daar is beskadiging aan die gebou heel agter, dit is suid? -- Dit is reg.

Daar is beskadiging aan die westekant? -- Dit is reg.

En, ek weet nie of u dit gesê het nie, maar ons weet dat hierdie voertuie geparkeer word op die linkerkant en dat daar beskadiging is in die deure van die garage daar aan die linkerkant, dit wil sê aan die oostekant? -- Aan die oostekant.

Met ander woorde, geboue en plekke op hierdie kompleks is daar beskadiging noord, suid, oos en wes?-- Dit is reg.

... / Nou

Nou wat die westekant betref. Ek wil hê dat u daarna moet kyk. Waar was die beskadiging of het u enige beskadiging daar gesien, aan die westekant? -- Ek wil net by daardie foto uitkom. Op foto 57. Dit is die westekant van die gebou.

En daar is twee merke? -- Daar is twee merke.

Is dit beskadiging aan die aanklagtekantoor of is dit beskadiging aan die enkelkwartiere of die kwartiere? -- Dit is die ingang tot die enkelkwartiere aan die westekant van die gebou.

Die enkelkwartiere lê agter die selblok? -- Nee, hy is deel van die polisiegebou. Ek dink daar is 'n foto wat dit baie duidelik uitwys. As u na foto 60 kyk, kan u sien daar is die klagtekantoor, dan die stasiebevelvoerder se kantoor, daardie eerste groot venster.

En dan is daar 'n derde een waar die vinger van die aanwyser se hand is? -- Dit is reg.

Wat is dit? -- Ek is nie seker van hom nie, maar die venster aan die regterkant vanwaar sy hand is, is die enkelkwartiere-venster of een van die twee vensters van die enkelkwartiere.

Nou sien ons hier aan die westekant by die telefoonpaal is daar ook vensters? -- Dit is reg.

Is dit nou alles die enkelkwartiere? Dit moet seker 'n stuk van 'n kombuis wees? -- Ja, ek is nie spesifiek seker of dit 'n sitkamertjie of 'n kombuis is daardie nie. Sy badkamer sit aan die agterkant van die polisiestasie.

As u kyk na 38. Dit is nou die westekant en daar sien ons ook die skoorsteen wat uitkom op hierdie foto 60? -- Dit is reg.

Hierdie stoepie, is dit nou deel van die stoepie van

die enkelkwartiere? -- Dit is reg.

Die beskadiging op foto 57, kan u dit vir my probeer korreleer met betrekking tot hierdie foto 38? -- U sal sien daar is die ingang. Die deur is half weggesteek agter daardie pilaar. Dit is daar waar die beskadiging voorgekom het.

Laat ek dit net sê, daardie deur is in die westemuur van watter gedeelte van die gebou ook al, maar dit is in die westemuur? -- Hy is in die westemuur.

En is dit die deur wat net so agter die pilaar uitkom, die donker gedeelte? -- Dit is reg.

Is die beskadiging daaraan?-- Dit is reg.

Ek het dit X met 'n kringetjie gemerk en ek wil kyk of u daarmee saamstem? Die eerste het ek 'n Y met 'n kringetjie daar om gemerk as die enkelkwartiere-stoep en dan is daar 'n pyltjie met 'n X, beskadiging in die westemuur, sien foto 57. Sal u asseblief op foto 38 kyk of daardie merke reg is. -- Dit is reg.

<u>COURT</u> : Mr. Browde, I am doing this, because it is of little use if I ask questions in connection with photo's and they are marked.

<u>MR. BROWDE</u> : My Lord, I must confess that Your Lordship uncovered something which is new to me which I would like to put to the Colonel. I would ask perhaps Your Lordship to put it with respect. There is no photograph of the back door of the charge-office either.

<u>COURT</u> : No, there is not.

Daar is nie 'n foto van die agterdeur nie? -- Daar is nie 'n foto van die agterdeur nie.

<u>MR. BROWDE</u> : There is just one point that arose out of My Learned Friend's questions and I would be greatful if Your

Lordship would allow me to put. It relates to photograph 95.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BROWDE : Kolonel, My Geleerde Vriend, mnr. Jansen, het u gevra of enige stukkies van hierdie skrapnel enige van daardie sogenaamde koeël-merke kon veroorsaak het. -- Dit is reg.

U het gesê nee? -- Dit is reg.

In die eerste instansie, is dit nie waar dat 'n stuk skrapnel, net soos 'n koeël, verander in vorm as hy teen iets slaan nie? -- Ek verstaan nie u vraag mooi nie.

Kyk, u praat nou van koeëls wat disintegreer en verdwyn? -- Dit is reg.

Ek neem aan u sal aanvaar dat 'n koeël verander in vorm, sy vorm verander as hy teen 'n muur slaan? -- Dit is reg.

U kyk nou na hierdie stukke skrapnel en u weet nie of hulle teen iets geslaan het, soos 'n muur nie? -- Laat ek net na foto 95 verwys. Nee, ek sal moet terugverwys na daardie koeverte, maar ek is redelik seker dat hierdie skrapnel op foto 95 op die voorkant van die gebou gekry is en alles behalwe een stukkie, het uit die grond uitgekom.

Watter stukkie was dit? -- As ek die bewysstuk kan kry, kan ek vir u moontlik hom daaruit identifiseer. Dit is die stukkie wat in die deur se kosyn vasgesit het.

Maar al die ander stukke van daardie handgranaat was in die grond in? -- Dit is reg.

Dit is langs die vlagpaal? -- Dit is reg.

Daardie stukkie wat langs daardie pen is wat B(2) is, kan u sien, daar is een stukkie wat skerp is? -- Ja.

As hy teen 'n muur byvoorbeeld slaan, sal hy nie 'n

... / gat

gat soos 'n koeël maak nie? -- Nee.

As die skerp gedeelte van daardie stukkie teen iets slaan nie? -- Nee.

Hout? Nee? -- Nee.

HOF: Kolonel, daar is 'n aspek wat ek vir u gaan vra. Ek weet nie of u vir my klarigheid daaroor kan gee nie. Kyk na foto 36. -- Ek sien hom.

E is die klein hekkie? -- Dit is reg.

H is die punt van die stoep wat deur die twee persone wat daar gesit het, Mashapa en Mothibi, uitgewys is? -- Dit is reg.

Is hierdie aan u uitgewys? -- Dit is reg.

En u het dit hier in die hof geïdentifiseer vir ons, sover ek onthou? -- Dit is reg.

Kan u by benadering vir my die afstand gee tussen E en H? Dit wil sê van die hekkie tot by die stoep. -- Ek dink ek het dit aangeteken. Ek wil net séker maak. Ek het die distansies afgetree. E en H is 10 treë.

Het u die diepte van die stoep? Met ander woorde, as ek van H - laat ek net vir u wys wat ek graag van u wil hê, dan sal dit makliker gaan. As u na foto 62 kyk - of 64 is 'n beter foto. -- Ja.

Ek staan nou op die - ek het nou net op die stoep gekom. Met ander woorde, ek wil die breedte van die stoep hê en ek loop van daar af tot by die deur van die klagtekantoor. -- Ek het dit nie gemeet nie.

Kan u vir my enige idee gee?-- Dit kan tussen 2 en 2½ treë wees.

GEEN VERDERE VRAE.

MNR. JANSEN : U Edele, dit is nie nodig dat ek beskuldigde nr. 3 verder kruisondervra nie. Ek laat dit daar.

... / HOF

**Collection Number: AD2021**

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.